

Lied oor Niemandslan.

Jan Rabie

Evert het teruggekeer uit krygsgevangenskap 'n jaar na die dorp in twee gesny is deur die nuwe grenslyn, en 'n hele ry huise langs die hoofstraat gesloop is om plek te maak vir wagte en doringdraad. Die ou markplein in die hart van die dorp is omgeploeg en gelykgehark sodat spore kon wys: toe die koue weer kom het die lang skeidende sleepsel van die dood stekelig en bar teen die sneeu afgesteek.

Die dag van Evert se terugkeer het sy ou Moeder na die stasie gegaan om te huil en haar seun huis toe te lei. Toe sy hom vertel wat met die dorp gebeur het, het Evert wit om sy mond geword en stilswyend aan haar sy tussen die ou gegewelde huise na die plein gehaas. Daar het hy gaan staan met sy somber gesig na die ander kant gedraai.

"'n Seun is een nag daar tussen die drade geskiet," het sy moeder gefluister.

Na 'n rukkie het sy weer gefluister: "Kom huis toe, my seun, kom huis toe, wat help dit."

"Vyf jaar," het hy skor gesê. "Ek dog ek kom huis toe om Anna te trou."

"Kom huis toe, dis koud." Sy moeder het gebewe terwyl sy opstaar in sy gesig so oud en verwese soos hare.

"Vyf jaar," het hy dof en stil teenoor homself herhaal.

Nóg daardie aand nóg die dae daarna het Evert weer van haar gepraat, en sy moeder het haar naam nie een maal genoem nie. Hy het werk gekry in die fabriek agter die stasie, en elke aand op pad huis toe 'n tyd lank aan die rand van die plein deur die

winter-grysheid na die huise aan die oorkant gestaan en staar.

'n Week na Evert se terugkeer het 'n sneeustorm oor die huise neergeslaan. Na sy terugkeer deur die warrelende geelgrys skemer van die strate, en terwyl hy net binne die deur gaan staan, vooroorgeboë om die sneeuvlokke van sy skouers en hare te skud, het hy nie dadelik die meisie bemerk waar sy selfbewus aan sy moeder se sy voor die vuurherd staan en glimlag nie. Toe hy naderkom, het sy moeder gesê: "Evert, jy hoef nie jou jeug weg te smyt nie, ek het hoor sê Anna's verloof aan 'n ander man."

Hy het hulle aangekyk. In skielike woede-bewing het hy omgespring en die kombuisdeur oopgeruk en gewys dat die meisie moet gaan, en toe hy dit agter haar sluit, teen sy kitaar aan die muur gestamp sodat dit van die spyker val.

Later het sy moeder gesê: "Die oorkantse mense is sleg, hulle gooi klippe oor na ons, en hulle vloek ons met nuwe name wat hulle aan die ander kant geleer het."

"Julle begin hulle nou al haat," het haar seun in 'n dowwe, bitter stem gesê. Maar hy het sy arms om haar skouers gesit toe sy begin huil.

"Ek is oud, Evert," het sy gesnik, "ek sal nie lank meer lewe nie. Maar sterwe sal draaglik wees as ek eers 'n kleinkind in my arms kan hou."

Die volgende dag het sonskyn bleek deur die wolke gesukkel. In die strate het die sneeu in 'n vuil pappery verander, maar op die plein het dit skoon en wit geglans. Evert het vinniger as gewoonlik, verby die plein, reguit huis toe geloop. Sy oë het gegloei in sy skraal, verbete gesig toe hy die kitaar van die muurspyker lig. Hy het geen woord teen sy angstige ou moeder

gesê nie. Hy het na die rand van die plein gegaan, en toe langsaam verder in die diep skoon sneeu tot waar die wagte gestaan en kyk het. Hulle het hul gewere dreigend gelig. Evert het nog nader gegaan in die diep wit sneeu.

“My meisie is aan die ander kant,” het hy stil gesê.

“Wat daarvan ... !” het een van die wagte gevloek, “sy's jou vyand nou!” Hy was afkomstig uit 'n ander provinsie en hy het sy twee jaar diensplig gehaat, en die mense van die dorp waar hy gestasioneer was, met die haat verbind.

Evert het verby die soldate na die oorkantse huise getuur waar die aand skaduwig teen die mure aan die aanblou was.

“Ek respekteer mos jul heining,” het hy gesê.

Hy het sy kitaar omgeswaai en dadelik 'n wysie wat hy vroeër veel gespeel het omdat dit Anna se liefliedslied was, uit die snare begin slaan.

Die wag het weer gedreig, maar sy maat het gelag en gemeen:

“Laat ons sien of sy nog sy meisie is.”

Evert het gestaan en speel met sy oë gevestig op die huise agter die doringdraad-wronge. Dit was nog nie so donker dat hy die mense wat voor die huise verbygaan, nie kon onderskei nie. Hy kon sien hoe die bleek ovale van hul gesigte sy kant toe draai en dan weer met die skemer saamsmelt. Hy het meer liedere wat hy en Anna saam geken het, gespeel. Die wagte het die spot met hom gedryf: “Dalk is sy haastig om te kom,” het hulle gelag. Hy het sy kop gebuig en begin sing met sy stem eers hees voor dit sterker in die polsende roep van die snare kon styg. Toe die donker daal, het hy omgedraai en teruggehaas deur die menseklompie versamel aan die rand van die plein.

Hy was koud. Hy het geril voor die vuur en toe sy ou moeder hom aanspreek, het hy haar met 'n vreemde glimlag aangekyk wat haar bang en stil in haar skommelstoel laat terugsit het.

“Moeder,” het hy gesê, “as Anna kom, sal ek trou met wie Moeder ook al wil.”

Die volgende aand het Evert weer in die sneeu voor die doringdraad en die geweer-monde gaan staan. Die wagte het hom met hoonroepe begroet, maar hy het soos vantevore begin speel terwyl hy somber bly staar na die huise aan die ander kant van die wit skemerende sneeu. Hy het alleen 'n kort tydjie gespeel voor vreugde in sy oë gelaai het. Want van die ander kant het 'n meisie langsaam asof met moeite oor die diep sagte sneeu aangestap gekom. Hy kon haar rooi rok sien swaai en haar vlegsels sien glinster weerskante van haar gesig terwyl sy tot dig by die drade kom. Hy het nie opgehou met speel nie. Sy hande het die akkoorde vanself gevind, en sonder dink het hy die wysie se woorde begin sing. En saggies, terwyl sy met geboë hoof aan die ander kant in die diep, wit sneeu staan, het sy saam met hom gesing.

Die wagte het gestaan soos verkoolde boomstamme in 'n oop plek waar voëls nog sing. Na agter, aan albei kante van die plein, het die dorpenaars swyend versamel om te luister. En vir hulle asof hulle ook saamsing, het die twee eenvoudige stemme vertel van al die pyn en seer en verlang en onmoontlik verlangde vreugde wat ook hulle s'n was.

Toe die lied klaar is, het Evert die kitaar in albei hande vasgehou. “Dankie, Anna,” het hy vinnig, omrede die wagte, gesê.

“Evert,” het sy saggies gesê terwyl sy nog steeds met geboë hoof staan. “Evert, dis waar, ek is verloof aan 'n ander.”

Sy gesig het skaars vertrek.

“Dit maak nie saak nie,” het hy gesê, “jy't gekom.”

Toe het sy in sy oë opgekyk. Skreeuend het die wagte hul terugbeveel.

“Dit maak nie saak nie,” het hy baie vinnig gesê, “eendag sal die dorp weer een wees, en dan, miskien, kan ons kinders trou. Die Here waak oor jou.” Voor hulle teruggedrywe kon word en hy haar naam wild sou roep, het hy omgedraai in die blou skemering wat orals deel van die hemel was.

Maar vir een aand, en vir 'n lang tyd in herinnering, het sang niemandsland oorkruis om 'n trotse vrede uit een man se pyn te skep, en vir almal wat gehoor het, 'n boodskapper te wees.